

**13 November**

**Skrifgedeelte: Johannes 21:1-14**

### **Jesus verseker ons dat Hy leef**

Twee sake val 'n mens in hierdie gedeelte op. Eerstens is dit duidelik dat Jesus in sy verheerlikte opstandingsliggaam vir die dissipels anders moes gelyk het as voor sy dood. Hulle herken Hom moeilik (Maria Magdalena in 20:14,15; die dissipels in 20:20; die dissipels in 21:12) en dit nadat hulle drie jaar naby aan Hom geleef het. Maar tog word hulle verseker dat Hy opgestaan het. Volgens 1 Kor 15:6,7 het Jesus ook aan vyf honderd mense verskyn en ook aan sy broer Jakobus. Ook die Emmausgangers het Hom uiteindelik herken (Luk 24:31,32). Tweedens is dit duidelik dat Hy werklik, wonderlik leef. Hy doen 'n wonder soos vroeër (Luk 5:1-11) en is teenwoordig by hulle ete. Volgens Lukas 24:42 het Hy self van die vis voor hulle geëet. Daar is 'n groot geheimenis oor hoe Jesus se werklike liggaam dus was. Hy kan eet, maar Hy hoef nie te eet nie. Dit alles vergroot die wonder van ons liggame na die wederkoms van die Here. Sal ons wees soos Jesus na sy opstanding? Is dit dieselfde liggaam as wat Adam en Eva voor die sondeval gehad het? Ons kan sulke vrae nie werklik beantwoord nie, maar moet dit aan God oorlaat. Vir ons is dit genoeg om te weet dat Jesus werklik opgestaan het en met sy opgestane liggaam hemel toe gevaar het. Besef weer die wonder van sy grootheid en wees verseker dat jy ook deel het aan die evangelie van die ewige lewe.

*Sing: Skrifberyming 50:7*

*Wyle dr AGS Venter (Randburg-Oos)*